Onderhoud in Die Burger, 22 Maart 1985

Fiela

Vir Fiela se kind moes sy die enigste Meestersgraad ter wêreld oor 'n volstruis deurwerk, want daar is 'n volstruis in die boek. Sy vertaal self haar werk om te kyk of sy iets kan red van die oorspronklike. En sy wen soms aan die Engelse kant. Die Duitse uitgewer was baie vol nonsens. Hy het twee vertalings afgekeur. Hy't gesê hy wil die magic terug hê.

Sy kry briewe vanoor die hele wêreld in reaksie op Kringe. "Gewaardeerde briewe. 'n Man uit Amerika het nou geskryf en gevra: "Will mankind survive this century?"

"Een van die mooiste dinge wat met my gebeur het: op 'n Maandagoggend het my telefoon gelui. Dit was 'n dame – getroud met 'n professionele man, sy het 'n universiteitsgraad – en sy het die vorige aand die boek klaar gelees. 'My gesin weet nie dat my mense uit die Bos kom nie. En van hierdie dag af sal ek nooit weer skaam wees om te sê ek kom uit die Bos nie' het sy beken."

Sy het verknog geraak aan die Bos. "'n Huis waar ek dikwels aanklop by 'n ou Bosmens as ek vasdraai, kom ek die ander dag weer by aan. En die dogtertjies wat oopmaak, draai om en skree, 'Ouma hier's die Bostannie alweer'."

Wou sy as kind reeds skryf?
"Ja, ek kon klavierspeel en opstelskryf en was die stoutste kind op Riversdal – nou nie lelik stout nie.

"Hemmingway het gesê een van die vereistes om 'n goeie skrywer te word is moeilike kinderjare. Nou, ek het so 'n kwaai ma gehad. Ek dink dit was my rebellie al die tyd. Ek dink nie dit moet te goed gaan met 'n mens in die begin nie. Dis dan later asof iets daarvoor opmaak.

"Die Bos is 'n entiteit. Ek was in 'n deel van die Bos waar ek nog nooit voorheen was nie. En ... dis nie my verbeeling nie," val sy haarself in die rede.

"Ek het 'n vreeslike realistiese verbeelding. Jong, daarom glo ek nie dis my verbeelding nie, in elk geval ...

"Dis 'n myl wat ek moes loop na 'n spesifieke plek in die Bos. Mens, en ek kom af op 'n boom; dat ek in sy teenwoordigheid weet – ek wil nie sê die boom is groter as ek of ek groter as die boom nie. Dis twee wesens uit twee wêrelde wat mekaar respekteer."

Dalene vertel sy wou haar lewe lank soos Jack London skryf. Maar sy wou darem ook iets skryf met net so 'n stukkie van Rooi Kappie se sukses daarin. Toe hou sy maar op om vir Jack London te probeer nadoen en sy gaan skryf die "glorified fairytale" van haar. 'n Heerlike storie wat draai om die verdwyning van die olifante uit die bosse by Knysna.

BRON: Die Burger, 22 Maart 1985